





**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**AKSIE**

**BKN031/09/2018**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Daniels open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

\*\*\*

**BKN032/09/2018**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge (Swede)  
Direkteur Korporatiewe Dienste – ander munisipale verpligtinge  
Bestuurder: Strategiese Dienste – ander munisipale verpligtinge (Swede)

\*\*\*

**BKN033/09/2018**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie. Die Direkteure verklaar hulle kollektiewe belang ten opsigte van item BKA052 van die agenda.

\*\*\*

**BKN034/09/2018**

**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 13 SEPTEMBER 2018**

**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Donderdag 13 September 2018 bekragtig word, onderhewig aan die volgende regstellings.

Dat paragraaf BKN015 soos volg lees:

Dat die Raad in beginsel goedkeur dat die deurgang beveilig word en dat die Direktoraat Tegnieiese Dienste versoek word om die moontlikheid van 'n deursigtige ("**clear view**") pallsade heining te ondersoek vir oorweging tydens die volgende begrotingsprosesse (2019/20).

\*\*\*

**KLERK: KOMITEES  
(S WILLEMSE)**

**BKN035/09/2018**

**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: DVD: HORST SCHULZE – PROVIDING EXCELLENT CUSTOMER SERVICES: (BKN005)**

**3/3/1/5**

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die moontlikheid ondersoek word om die Delegasies van Bevoegdhede van die Uitvoerende Burgemeester te sub-delegeer na die verskeie Portefeulje Voorsitters, vir effektiewe dienslewering en konsultasie met hul onderskeie Direkteure.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**BKN036/09/2018**

**TWEEDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: REVISED TRANSPORT ALLOWANCE POLICY (BKN020)**

**4/5/2/5**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder bevestig dat 'n paragraaf met betrekking tot die Direkteure se interne reis-eise sal gewysig word by die hersiene Reis- en Verblyf beleid vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

**BKN037/09/2018**

**DERDE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: (28-08-2018): TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: REVIEW OF PERFORMANCE AND AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR**

**12/2/2/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder rapporteer dat Nasionale Tesourie bevestig het dat Bergrivier Munisipaliteit nie gemagtig is om enige addisionele vergoeding te betaal, wat voorbereidingsvergaderings insluit, aan Staatsamptenare wat op die Prestasie- en Ouditkomitee dien nie.

Die Interne Ouditeur bevestig dat die betrokke persoon steeds deel is van die Prestasie- en Ouditkomitee en ontvang slegs reiskoste vir die bywoning van die vergaderings.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

**BKN038/09/2018**

**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat 'n dankseggingsdiens waargeneem sal word deur Pastoor Williams en bygewoon sal word deur die Wes-kaapse Premier op Vrydag 28 September 2018 (10:00 – 12:00), in die AME-Kerk Piketberg met betrekking tot die afgelope goeie reënseisoen;
- Dat toestemming deur die Munisipale Bestuurder verleen is dat Amptenare die dankseggingsdiens kan bywoon;
- Dat Bergrivier Munisipaliteit 'n kennisgewing aan die gemeenskap gestuur het rakende die bywoning van die dankseggingsdiens;
- Dat 'n fietstoer tesame met "Sport Trust" en "Supersport" plaasvind op Sondag 07 Oktober 2018 op Piketberg; en
- Hy bedank die personeel van die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester vir hulle uitstekende diens gelewer by die Phelophepa Gesondheidstrein.

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN039/09/2018**  
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**  
**3/3/1/5**

Geen

\*\*\*

**BKN040/09/2018**  
**MOSIES / VRAE**  
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*

**BKN041/09/2018**  
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PRESTASIE BEOORDELING**  
**ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE 2018**  
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item by BKN052 bespreek word.

\*\*\*

**BKN042/09/2018**  
**MONITERING VAN WATERKRISIS**  
**16/1/1**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en gee kortliks mondelinge agtergrond met betrekking tot die reënvalsyfers tot op hede.

In sy terugvoer verwys die Direkteur Tegniese Dienste na die stand van die onderstaande damvlakke:

Damme	Persentasie
Bergrivierdam	100.2%
Voelvlaidam	89%
Damme tesame in die Wes-Kaap	73.2%

Verder bevestig die Direkteur Tegniese Dienste dat hy 'n befondsingsaansoek ingedien het ten bedrae van R3.4 miljoen met betrekking tot die waterkrisis.

Insette/kommentaar word gelewer deur Raadslid Wessels.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**BKN043/09/2018**

**VERSLAG VIR WANBETALING IN GEDIENSTE ERWE – SANDLELIE 137**

**5/1/1**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Komiteedele.

**BESLUIT**

1. Dat die skuld afgeskryf word soos op Donderdag 31 Mei 2018 vir die aangehegde lys van rekeninge (*aangeheg as Bylae A*);
2. Dat die persone aangemoedig word om aansoek te doen vir deernishulp; en
3. Dat die uitstaande skuld vanaf Vrydag 01 Junie 2018 terugbetaal word oor 'n periode, soos vervat in die Kredietbeheerbeleid.

\*\*\*

**BKN044/09/2018**

**GOEDKEURING VAN DIE BEHUISINGSSTRATEGIE EN HERSIENDE PYPLYN (2018-2028)**

**17/5/2/1**

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na die voorbereidingsvergadering waartydens die item in diepte bespreek is.

Die Uitvoerende Onderburgemeester stel voor dat punt 2 bygevoeg word tot die onderstaande besluit.

**BESLUIT**

1. Dat die Behuisingsstrategie en Hersiene pyplyn (2018-2028) in beginsel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word met in begrip/inaggenome van die onderstaande:
  - 1.1 Dat kennis geneem word van die korrektiewe stappe geneem deur die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Gemeenskapsdienste, wat insluit aanstelling van sleutel-personeel en die inisiasie van strategiese beplanning;
  - 1.2 Dat addisionele ondersoeke, veral ten opsigte van behuisings-toekennings en waglys-administrasie gedoen word, dat moontlike oortredings van die relevante beleide en voorskrifte geïdentifiseer word en dat 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê word;
  - 1.3 Dat die raamwerk vir die voorgestelde Geïntegreerde Behuisingsstrategie en beleide goedgekeur word;
  - 1.4 Dat goedkeuring verleen word vir die skedulering van projekte oor die MTEF en daarna, soos vervat in Aanhangsel A (van die verslag);
  - 1.5 Dat die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Gemeenskapsdienste gemagtig word om die onderhandelings vir die uitkoop van behuisingsgrond op Mooiplaas (Piketberg) en Uitvlug (Porterville) te inisieer en 'n Grondbeskikbaarheids-

**DIREKTEUR  
FINANSIËLE  
DIENSTE**

**DIREKTEUR  
GEMEENSKAPS-  
DIENSTE**



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

ooreenkoms te sluit, onderhewig aan toekomstige projekgoedkeuring deur Provinsie wat ook voorsiening sal moet maak vir die aankoop van die gronde;

- 1.6 Dat Mooiplaas die prioriteit sal geniet, aangesien die grootste persentasie mense op die waglys van Piketberg is;
- 1.7 Dat die inhandiging van Projek Inisiëringsdokumente ten opsigte van Piketberg 156 en Porterville 171 ondersteun word;
- 1.8 Dat die administrasie voortgaan om 'n addisionele stuk grond in Piketberg te identifiseer, sodat nog 'n behuisingsprojek oor die korttermyn van stapel gestuur kan word;
- 1.9 Dat addisionele studies gedoen word ten opsigte van FLISP-behuising langs N7 roete (46) en Watsoniastraat, Piketberg (50), en dat 'n volledige verslag so gou moontlik aan die Raad voorgelê word;
- 1.10 Dat goedkeuring verleen word vir die konsep van 'n groot projek ( $\pm 2500$  eenhede) in 'n gemengde-ontwikkeling, oor die drie groot dorpe (Piketberg, Velddrif en Porterville), en geskeduleer oor 'n tydperk van 10 jaar, en wat ook as 'n katalisatorprojek by Provinsie geregistreer kan word;
- 1.11 Dat beperkte opgradering/ondershoudwerk gedoen word aan die huise in raadsbesit, onder andere in Sandstraat (Piketberg) en St Christopherstraat (Laaipek), en dat tydens die hersiene begrotingsproses 'n posnommer vir hierdie doel geskep word, wat befonds moet word deur besparings op die munisipaliteit se begroting (2018/19);
- 1.12 Dat aansoek gedoen word vir subsidies vir die huidige okkuperders van voorgemelde huise en indien die subsidies goedgekeur is, dat die eenhede aan die okkuperders vervreem word vir 'n bedrag bepaal deur die Munisipale Bestuurder, en wat nie die goedgekeurde subsidies oorskry nie;
- 1.13 Dat die Direkteur: Gemeenskapsdienste en die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite opdrag moet ontvang word om met die agterplaas-bewoners te skakel ten opsigte van dienste aan sodanige bewoners as 'n saak van dringendheid, en dat 'n volledige verslag so gou moontlik aan die Raad voorgelê word;
- 1.14 Dat die tekort op die Noordhoek 89-Projek in Velddrif, deur die Raad gefinansier word uit die Raad se "Special Operating Account" (SOAC) en dat die nodige goedkeuring van die Plaaslike Minister van Menslike Nedersettings verkry word;
- 1.15 Dat die Behuisingstrategie en Hersiene pyplyn (2018-2028) verslag met die nodige aanpassings weer voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor einde November 2018; en

**DIREKTEUR  
GEMEENSKAPS-  
DIENSTE**

**DIREKTEUR  
GEMEENSKAPS-  
DIENSTE**



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

2. Dat die Direkteur Tegnieese Dienste toesien dat die opgedateerde Infrastruktuur-pyplyne voor die einde van November 2018 weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word met die nodige aanpassings.

**DIREKTEUR  
TEGNIESE  
DIENSTE  
(voor einde  
November)**

\*\*\*

**BKN045/09/2018**  
**TERUGVOER: SALGA: INTERGOVERNMENTAL RELATIONS**  
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en spreek sy kommer uit oor die swak bywoning deur Amptenare by die SALGA-werkswinkels.

Hy versoek dat die Amptenare terugvoer gee by die staande komitees met betrekking tot SALGA byeenkomste en dat dit as 'n staande punt gelys word op die Agenda van die Staande Komitees en Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Die Speaker gee terugvoer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met betrekking tot die afgelope SALGA-vergadering wat hy bygewoon het en lig die volgende punte uit onder andere:

- Verslag rakende die King Kommissie se insette, ens.

Ten slotte meld die Speaker dat hy bogenoemde kwessies skriftelik aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sal kommunikeer.

\*\*\*

**BKN046/09/2018**  
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**  
**8/1/1**

Geen

\*\*\*

**BKN047/09/2018**  
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**  
**3/2/1/3**

Geen

\*\*\*

**BKN048/09/2018**  
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

**BKN049/09/2018**  
**IN KOMITEE: BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

\*\*\*



**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING  
GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018 OM 12:30 IN DIE RAADSAAL,  
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**BKN050/09/2018**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING /  
KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN051/09/2018**

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING /  
KENNISNAME**

Geen

\*\*\*

**BKN052/09/2018**

**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2017 TOT 30 JUNIE  
2018**

**9/1/2**

***(’n Verslag word voorgelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en hou die verslag  
voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Raadslede wat deel is van die  
prestasie beoordeling en die Direkteure vir hul verslae wat voorgelê is.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:10***

\*\*\*



***HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE  
NOTULE SOOS BEKRAGTIG ’N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE***

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**

\*\*\*